# AFRIKAANS HUISTAAL

## VRAESTEL 1
## GRAAD 12

## JUNIE 2015

**PUNTE: 70** **TYD: 2 UUR**

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip [30]
   AFDELING B: Opsomming [10]
   AFDELING C: Taalstrukture en –konvensies [30]

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep na elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Nommer in die middel van die bladsy.

7. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: 50 minute
    AFDELING B: 30 minute
    AFDELING C: 40 minute

*Die vraestel bestaan uit 12 bladsye*

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

***Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg:***

**TEKS 1**

## Só oorleef ouers MATRIEK

1 Die matriekeindeksamen het Maandag begin. Regoor Suid-Afrika kou duisende leerlinge naels, maar moenie vergeet van Ma en Pa, wat ook agter die skerms sweet nie, skryf Riëtte Grobler.

2 As jy die ouers van 'n matrikulant is, voel dit dalk die afgelope paar weke asof jy met 'n gespanne monster huis opsit.

3 Die kans is goed dat jóú senuwees ook deurgeskaaf is.

4 "Een van die belangrike dinge om te vermy, is om jou tiener se studietyd tot die fynste detail te probeer beheer. Dit gaan tot uitbranding lei en is ongesond vir jou én jou kind," sê Simone Lingenvelder, 'n Johannesburgse sielkundige en tienerleefstylafrigter.

5 "Teen dié tyd behoort jou tienerkind te beskik oor die nodige tydbestuursvaardighede en studiemetodes. Tree terug en bied die nodige ondersteuning op 'n gesonde afstand," sê sy.

6 Volgens Elacia Whittingham, 'n opvoedkundige sielkundige by die Crawford College in Sandton, sal een van die grootste uitdagings vir ouers wees om hul kind sowat vyf weke lank gefokus en gemotiveer te hou, veral wanneer hulle lang aftye tussen vraestelle het.

7 Lingenfelder beaam dit sal in baie gevalle van ouers afhang om hul kind sover te kry om 'n studieroetine met ruskanse vol te hou.

8 "Ouers moet onthou hulle gaan dalk nou aan die ontvangkant van baie spanning en frustrasie wees. Dit is omdat jou tiener dalk nie veel ander uitlaatkleppe het om van sy emosies ontslae te raak nie," sê sy.

9 "Ry maar die golf en onthou dit sal binnekort verby wees. Jou tienerkind sal terugkeer na normaal sodra dié tydperk van hoogspanning verby is."

10 Om jou te help om jou matriekkind na die beste van jou vermoë te ondersteun in die volgende paar weke, het Whittingham en Lingenfelder 'n paar wenke.

11 **Gee 'n paar doeltreffende wenke vir ouers om hul kinders tydens die eksamentyd te kan ondersteun.**

12 Die blote gedagte aan die eksamen én die herinnering aan vorige eksamenstres kan daartoe lei dat jou kind buierig en geïrriteerd raak, asook deurmekaar slaap of eet, sê Whittingham.

13 "Dra dus drinkgoed aan. Maak seker hy kry minstens ses uur slaap voor die eksamen en eet gereeld."

14 Gesonde “breinkosse” om tydens die eksamen by jou kind se dieet in te sluit, is volgens Lingenfelder onder meer neute, vis en omega 3- en omega 6-olie.

15 Onthou ook jou kind moet rus. Stel kort, effektiewe studiepouses voor wat nié televisiekyk insluit nie, maar eerder ‘n stappie om die blok of ‘n paar lengtes in die swembad.

16 Kry jou hele huisgesin aan boord deur ‘n ondersteunende, rustige studieatmosfeer te skep.

17 “Dit sal jou tiener laat deel voel van ‘n wenspan en sal sy kans op sukses verhoog.”

18 **Wat moet ouers nooit doen of sê wanneer hul kind eksamen skryf nie?**

19 “Ouers moet in die eksamentyd negatiewe boodskappe ten alle koste vermy en fokus op positiewe boodskappe wat hul kind aanmoedig en ondersteun,” sê Lingenfelder.

20 “Dink só daaraan: Sou jy daarvan hou om hard te werk en toegewyd te wees terwyl jou baas gedurig vir jou bly sê hoe bang hy is jy gaan misluk? Nee.”

21 Whittingham beaam dat ouers positief moet wees.

22 “Selfs al is dit waar, moet jy nooit vir jou kinders sê hulle het te laat begin studeer nie. Dit sal hulle net nog meer laat stres,” sê sy.

23 Moet ook nooit vir jou kind sê hy gaan druip nie, al bestaan die moontlikheid.

24 “In die woorde van Eckhart Tolle: ‘Dit is wat dit is.’ Aanvaar die situasie, goed of sleg en help jou kind om te fokus op wat belangrik is, eerder as om met hom te raas.”

25 Sy waarsku jy moet jou kind nooit met ‘n suksesvolle broer of suster of, nog erger, met jouself, vergelyk nie.

26 “Wat jou kind in dié belangrike tyd van jou moet hoor, is dat jy in hom glo en dat jy kan sien hy is in staat om te presteer,” sê Lingenfelder.

27 Sy stel voor jy moedig hom aan om twee of drie positiewe sinne neer te skryf waarmee hy homself in die eksamen kan aanmoedig.

28 “Dit kan iets wees soos ‘Ek werk hard en het goeie punte’, of ‘Ek is suksesvol en behaal goeie punte’.

29 “Sulke boodskappe herbedraad die brein om sukses te behaal.”

30 Moet ook nie van jouself vergeet terwyl jy jou matriekkind ondersteun nie.

31 “Fokus af en toe op jouself deur te ontspan.”

32 “Jou kind moet van jou leer dat daar ‘n tyd is om te werk én te rus en dat nie elke oomblik van die dag aan kommer en stres bestee moet word nie.”

*Uit: Beeld, 30 Oktober 2013*

1.1 Evalueer die geslaagdheid van die emotiewe woord *"oorleef"* in die titel. [1]

1.2 Wat voorspel *"Só"* in die titel met betrekking tot die inhoud van die leesstuk en voldoen die inhoud wel aan die verwagting? [2]

1.3 Wie is die skrywer van die artikel? [1]

1.4 Na watter leerlinge word daar in paragraaf 1 verwys? [1]

1.5 Wie is die *"jou"* na wie die skrywer deurgaans verwys? [1]

1.6 Wat impliseer *"agter die skerms"* in paragraaf 1? [1]

1.7 Haal twee woorde uit paragraaf 1 aan wat die inhoud van paragraaf 3 saamvat. [1]

1.8 Is *"monster"* (par. 2) denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. [1]

1.9 Noem twee redes waarom ouers inmenging en beheer oor tieners se studietyd moet vermy. [2]

1.10 Sou jy sê 'n mens kan waarde heg aan Simoné Lingenfelder en Elacia Whittingham se menings in hierdie artikel? Motiveer jou antwoord. [2]

1.11 Verduidelik wat 'n *"tienerleefstylafrigter"* (par. 4) is. [1]

1.12 Bespreek die funksionaliteit van die vetdruk (Bold) in paragraaf 11 en 18. [1]

1.13 Herlees paragraaf 12 tot 17 en formuleer puntsgewys, maar wel in volsinne en in jou eie woorde, drie van die wenke vir ouers om hul kinders in die eksamentyd te ondersteun. [3]

1.14 Lei af wat *"normaal"* (par. 9) in die konteks van die artikel beteken. [1]

1.15 Gee 'n sinoniem vir *"beaam"* (par. 21). [1]

1.16 Watter verband is daar tussen paragraaf 27 en 28? [1]

1.17 Watter woord in paragraaf 25 bewys dat die spreker ernstig voel oor dié aangeleentheid? [1]

1.18 Skryf jou eie positiewe sin neer waarmee jy jouself in die eksamen kan motiveer. [1]

1.19 In watter opsig kan ouers volgens paragraaf 31 en 32 hul kinders deur hul voorbeeld leer? [1]

1.20 Sou jy sê dat uitsluitlik ouers van matrikulante die teikengroep van dié artikel is? Motiveer jou antwoord. [1]

EN

**TEKS B: SPOTPRENT**




1.21 Hoe vergelyk die tiener waarvan paragraaf 2 van die artikel (Teks 1) melding maak en dié een in die spotprent? [2]

1.22 Noem twee belangstellings van dié tiener. [2]

1.23 Watter visuele aanduiding is daar van die pa se frustrasie? [1]

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**
**VRAAG 2:**

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van die sewe geldsake-beginsels wat jong mense moet baasraak.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie langer as 90 woorde wees nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming van 'n titel te voorsien nie.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik het, aan.

## Vroeg begin, half gewin

**Beginsels wat jong mense moet baasraak**

*Investopedia* sê die sewe belangrike geldsake-beginsels vir jong mense is:

1. **Leer selfbeheer.**
   Uitgestelde bevrediging is iets wat jy van kleins af moet aanleer. In jou geldsake beteken dit dis beter om te spaar vir iets as om dit op skuld te koop. Die slegste ding wat jy kan doen, is om 'n string klererekenings oop te maak.

2. **Neem self beheer van jou finansiële toekoms.**
   As jy nie self leer hoe om jou geld te bestuur nie, sal ander mense maniere vind om dit vir jou te (wan)bestuur. Dit sluit in onkundige mense met goeie bedoelings, asook onetiese mense. Bly weg van wenke wat jy by die gim hoor om vinnig geld te maak.

3. **Weet waarheen jou geld gaan.**
   Dis eenvoudig: Jou uitgawes moenie meer wees as jou inkomste nie. Die enigste oplossing is om 'n begroting op te stel. Dan weet jy hoeveel geld jy het vir huur, kos, klere, fliek of uiteet.

4. **Skep 'n noodfonds.**
   Dit maak nie saak hoe min jy verdien en hoeveel studieskuld jy het nie, dis belangrik dat jy geld afknyp vir 'n noodfonds vir onbeplande uitgawes. Sodra jy jou mikpunt bereik het, hou aan spaar – dalk vir 'n vakansie of 'n motor.

5. **Begin nóú vir jou aftrede spaar.**
   Jy is jonk, jy het nog baie tyd en daar is altyd iets anders ... Maar nee, jy moet van jou eerste salaristjek af geld wegsit vir jou aftrede. Kenners verskil, maar jy moet 'n minimum van 10% van elke salaristjek vir jou aftrede spaar.

6. **Pas jou gesondheid op.**
   Jy hoef nie die beste opsie van 'n mediese fonds te kies nie. Daar is goedkoper opsies, of kies 'n hospitaalplan. In dié geval moet jy onthou om vir tandarts- en doktersbesoeke te spaar. Intussen kan jy ook alles in jou vermoë doen om gesond te bly – en bestuur versigtig!

7. **Beskerm jou welvaart.**
   Versekering is glad nie "sexy" nie, maar tog belangrik. Dink 'n bietjie of jy jou rekenaar sal kan verwag as dit gesteel word of jou motor as dit afgeskryf word. Selfs as jy 'n tjor ry wat jy nie wil laat verseker nie, onthou dat jy aanspreeklik is vir 'n ander ou se skade as jy 'n ongeluk maak.


*Uit: Beeld*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

***Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae:***

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**




[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Junie 2009]

3.1 Dink jy dat die lettertipe in die opskrif, *Skryf 'n lawwe liedjie*, gepas is? Motiveer jou antwoord. [2]

3.2 Verskaf ‘n neutrale woord vir *lawwe* in die opskrif. [1]

3.3 Wat wil die kopieskrywer vir voornemende deelnemers met die volgende reël sê: *“Laat die lied in jou hart ontsnap!”* (reel 1)? [1]

3.4 Skryf die intensiewe vorm vir *oud* neer. [1]

3.5 Gebruik *roer* (reël 5) as ‘n selfstandige naamwoord in ‘n sin. [1]

3.6 Skryf die vergrotende trap vir *beste* neer. [1]

3.7 Skryf die afkorting vir *onder leiding van* neer. [1]

3.8 Vervang *lirieke* (reël 12) met ‘n gepaste sinoniem. [1]

3.9 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer:

*www* (wêreldwye web) in die webadres, **www.atkvprojekte.co.za**, is ‘n voorbeeld van ...

A analogie
B kontaminasie
C klanknabootsing/onomatopee
D nuutskepping/neologisme [1]

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIE**

**STROKIE**

Nuwe
Valentynsvoëls
van anderste



Teks: Reta Smit Strip: Daniël du Plessis

Ai, al die gevleulde woorde gebruik op Valentyn
is dikwels oppervlakkig, ene voorgee en skyn.





Soos rose se toedraaipapier of die bokse
van tjoklitharte;
so verbloem hulle die liefde se
moeilikheid en smarte.



Kom, laat die versvoëltjies eerder fluit
sodat mense hulle eerliker op die 14de
gebruik.



**Ná Breytenbach se rooiborsduif**



Allerliefste, ek stuur vir jou 'n duif
want posgeld is te duur en digters is te arm.
My duif is die grys van vaal metaal,
niks spesiaal; waar hy vlieg, daar mis hy
wit vlekke soos flaterwater in liefdesbriewe.
Duiwe het parasiete en swamme,
jy kan ook by hulle kampulobakteriose optel.
So laat my duif eerder ver weg op 'n foondraad sit,
maar oggende jou wakker koer,
'n herinnering van my liefde
soos 'n alarm wat jy nie kan afsit nie.

**Ná Krog se kiewietjie**



My flerriehartjie is gesteld
op dun rooi visnetbeentjies in die veld
met 'n hoë aansitterige roepstem
wat sny soos 'n saaglem.
Ek, nie jy, is die ene wat vlerkesleep
in 'n kommin outfit, so swart-grys-gestreep.
En durf jy my verwerp,
sal jy uitvind: my bekkie is skérp.

[Verwerk uit: *Rapport*, 6 Februarie 2011]

4.1 In reël 1 – 2 is een van die woorde verkeerd gespel. Skryf die woord korrek oor. [1]

4.2 Vervang die lidwoord/determineerder in die frase *die bokse* (reël 3) met 'n aanwysende woord wat in die konteks sal pas. [1]

4.3 Herskryf die volgende sin in die indirekte rede:

*Die spreker sê: "Allerliefste, ek stuur vir jou 'n duif."* [2]

4.4 Skryf die verkleiningsvorm van die woord tussen hakies.

Die ou klein (herinnering) wat ek van jou het, is vir my kosbaar. [1]

4.5 Kies die KORREKTE deelwoord uit die keuses hieronder en skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer:

In (vlieg) dae is duiwe gebruik om belangrike boodskappe te vervoer.

A vlieënde
B vliegende
C vervliegde
D vervloë [1]

4.6 *Vlerkesleep* (reël 25) is afgelei van die idioom "vlerk sleep".
Gebruik hierdie idioom in 'n verklarende sin. [1]

4.7 Brei die ONDERWERP van die onderstaande sin met 'n BYVOEGLIKE BYSIN uit.
Skryf die sin oor en onderstreep die byvoeglike bysin wat jy gebruik het.

*My bekkie is skérp.* [1]

4.8 Gebruik die <u>geïmpliseerde betekenis</u> van *"My bekkie is skérp"* (reël 28) in 'n verklarende sin. [2]

**[10]**

**VRAAG 5: RESENSIE**

# Wenner se styl uniek

'n Resensie deur Karien de Waal
*Staan opsy* deur Madri Louwrens. Blouberg Uitgewers. Sagteband.*

Om 17 jaar oud te wees, in Kaapstad te woon en die naam Katie Holmes te hê, is nie maklik nie. Want haar lewe is ver verwyder van haar naamgenoot in Hollywood en die rooi tapyt. Sy het 'n slegte geskiedenis met seuns (lang storie) en is uit die skool geskors en moet nou van voor af in 'n vreemde skool begin. Boonop is sy aangeneem en sy word soms op die onmoontlikste tye vir belangrike "take" geroep. Maar die kaarte wat aan Katie uitgedeel is, is darem nie net sleg nie. Of altans, so probeer sy haarself troos.

Madri Louwrens, skrywer van die fantasieverhaal, *Staan opsy,* wat ook in 2009 die Eeufeesprys vir Afrikaanse Jeugliteratuur gewen het, slaag met dié jeugroman om fantasie, avontuur en aktuele kwessies in 'n aksiebelaaide boek te verweef wat die meeste ouer tieners sal meesleur. 'n Boek wat elke tiener gerus op sy boekrak kan hê.

Dit vertel die verhaal van Katie wat saam met haar aanneem-ma en die geheimsinnige, maar beeldskone, Finn in 'n praghuis in Kampsbaai woon. Finn het interessante karaktereienskappe en vaardighede. Hy kan tyd nog steeds laat stilstaan. Katie tree op as sy regterhand, sy "side kick". Wanneer 'n paar kinders van die omgewing verdwyn, moet dié twee ingryp.

Dis juis hieroor dat Katie dink haar lewe sou makliker gewees het as sy eerder met vampiere deurmekaar was.

Louwrens het 'n unieke aanslag in haar skryfwerk. Die boek slaag daarin om tienerkwessies op 'n nuwe manier te belig. Veral hoërskoolmeisies sal deur Katie se anderse verhouding met Finn geboei word. Ook tienerseuns wat daarby verby kan kyk dat die hoofkarakter 'n meisie is, sal daarvan hou.

(*Die naam van die verhaal, outeur en uitgewer is fiktief.)

[Verwerk vanaf http://www.volksblad.com/Nuus/Wenner-se-styl-uniek-20110325]

5.1 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies:
Karien de Waal is die (resensie) van dié roman. [1]

5.2 Skryf in die verlede tyd:
*Sy probeer om haarself te troos.*
[1]

5.3 Beantwoord beide vrae.

5.3.1 Watter woord word as oorredingstaal in die volgende sin gebruik?
*'n Boek wat elke tiener gerus op sy boekrak kan hê.* [1]

5.3.2 Motiveer die geslaagdheid van die woord wat jy by VRAAG 3.20.1 genoem het. [1]

5.4 Beantwoord beide vrae.

In die woordeboek word die volgende inligting aangaande *avontuur* (reël 10) gegee:

| |
|---|
| **a-von-tuur'** *s.nw.* (avonture) **1.** Vreemde lotgeval; onverwagte gebeurtenis: *Allerhande avonture beleef.* (Jou sussie) bly vanaand by jou tante; sy dink dis 'n groot avontuur om uit te slaap. (Lize Odendal) **2.** Die fortuin: Die rat van avontuur. [L. *adventura* op die punt om te gebeur] **avontuur: -film, -gees, -lus, -lustig.** |
| [Uit: *HAT,* 2011, bl.60] |

5.4.1 Verdeel die woord *avontuurlustig* in lettergrepe. [1]

5.4.2 Wat is die Latynse betekenis van die woord *avontuur*? [1]

5.5 Verander die volgende sin in 'n vraagsin deur slegs die woorde in die sin te gebruik:

*"Finn het interessante karaktereienskappe en vaardighede."* [1]

5.6 Herskryf die volgende sin in die ontkennende vorm:

*Hy kan tyd nog steeds laat stilstaan.* [1]

5.7 Gebruik die woord *gevolglik* om EEN sin van die twee sinne hieronder te vorm:

*Louwrens het 'n unieke aanslag in haar skryfwerk.*
*Die boek slaag daarin om tienerkwessies op 'n nuwe manier te belig.* [1]

5.8 Skryf in die aktief/bedrywende vorm:

*Hoërskoolmeisies sal deur Katie se anderse verhouding met Finn geboei word.* [1]
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**
**GROOTTOTAAL: [70]**